

12 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 6:10 (1983-vertaling)

Bekering / Omkeer

Die eerste 39 hoofstukke van Jesaja het die sentrale boodskap van bekering. Die volk moet hulle lewens omkeer, weg van die sonde en terug na God. Dit is die enigste manier hoe hulle God se toorn kon ontvlug.

Jesaja word in hoofstuk 6 geroep om 'n spesifieke boodskap aan die volk te bring. Hierdie boodskap is nie een van verlossing en troos nie, maar van oordeel, omdat God reeds in vers 10 dit duidelik maak dat Hy weet dat die volk hulle nie sal bekeer nie. Jesaja moet die volk in hierdie toestand los waar hulle hul nie wil bekeer nie, want hulle gaan hulle verdiende loon ontvang deur in ballingskap weggevoer te word, en daar sal die ongehoorsames sterf. Die volk kan dan niemand anders as hulleself vir hulle wegvoer na die vreemde blameer nie.

Tog sien ons in vers 13 dat God nie die hele volk Israel gaan uitwis nie, maar dat daar 'n deel gaan oorbly waarmee Hy 'n nuwe begin gaan maak. Die deel van die volk wat in God se genade en liefde gaan bly deel.

Die boodskap van Jesaja is vandag nog 'n aktiewe oproep in die Christen se lewe, maar of dit nog elke dag aktief uitgevoer word, is 'n ander saak. Die dag en uur waarin ons leef het baie goddeloosheid, en tog kry ons die idee dat dit net erger raak. Daar is nie veel sprake van wegvlug van die sonde en terugvlug na God en sy wil nie.

God roep elkeen van ons persoonlik op om ons daaglik onder leiding van die Heilige Gees te bekeer, nie meer om die weerligstraal uit die hemel te ontduik nie, maar om uit dankbaarheid vir ons verlossing in Christus elke geleentheid aan te gryp om ons lewens om te keer, terug na God en sy wil.

Daar waar daaglikse bekering is, belowe God dat ons deel van die oorblyfsel sal wees wat die ewige lewe saam met die Drie-enige God tegemoet sal gaan.

Sing: Psalm 38:1, 17 (1936)

Ds. AN (Nikla) du Plessis (Postmasburg)